

Dinsdag 20 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 10:1-8

Fokusgedeelte: Hosea 10:1, 8

Die Here hou ons vas deur ons afgode te verlos

Ons weet baie goed dat God ons liefhet. Hy het dit gewys met sy Seun se menswording en kruisiging. Só lief het God die wêreld gehad! Elkeen wat in Jesus glo, het daaraan deel!

Maar wat maak ons daarmee? Hoe reageer ons op sy liefde? Of, beter gesê: “Wat doen sy liefde aan ons?” En in ons?!

Israel het God se liefde, soos ons dit ook uit Hosea leer ken, geminag en dit met ontrou beantwoord. In sy liefde het Hy hulle só geseën dat hulle soos ’n wingerdstok is wat welig groei en vrug dra, maar hulle antwoord deur die altare te versorg en die klippilare te ver-sier vir hulle aanbidding van die afgode.

Hulle godsdienstige ontrou lei daartoe dat die hele samelewing vergiftig word deur valsheid en onreg. Soos onkruid en gifplante al met die watervore langs versprei word, so lei geloofsdwalinge tot ’n siek gemeenskap waar daar nie meer geregtigheid en waarheid en orde is nie. Ons sien dit ook in ons tyd gebeur, en dit sal al hoe meer gebeur as daar nie bekering kom nie! Ook in ons eie lewe.

God oordeel oor ontroue regeerders, maar ook oor ontroue onderdane. Die goue kalf van Bet-el (1 Kon. 12:28, 29) en volk word saam met hulle koning oorlogsbuit. Hulle het op nietigheid staatgemaak. As dit te laat is, sal hulle desperaat skuiling soek (lees ook Op. 6:16)! Maar selfs in so ’n siek samelewing hou God sy kinders vas. Die hoofsaak wat moet regkom, is ons verhouding met Hom. In Jesus Christus is daar versoening met Hom en ware bevryding. Hy wil as enigste God en Here erken word, sodat ons werklik vry kan wees. Hy verwoes die afgodsaltare. So bevry Hy ons ook van ’n sondige leefstyl sodat ons sy liefde met troue toewyding kan beantwoord.

Sing: Psalm 79-1:5, 6, 9

Ds. GNV (Nico) Botha (Emeritus)